Lees

1. Deelnemers kan inskryf onder voorbereid of onvoorbereid of beide onder elke item.
2. Deelnemers moet 'n kopie van hulle voorbereide leesstukke saambring vir die beoordelaar. Onthou, die keuse van 'n werk moet by die deelnemer se ouderdom pas en word ook daarvolgens beoordeel.
3. Dieselfde werke van vorige jare mag nie weer gebruik word nie.
4. Tye: Laerskole: 30 tot 60 sekondes
   Hoërskole: 60 tot 90 sekondes
5. Deelnemers kan inskryf vir die "LEWENDIGE" of AANLYN kompetisie.
6. Hierdie riglyne is geldig vir beide die aanlyn, sowel as die "lewendige" optredes.

Riglyne vir VOORBEREIDE LEES OF BYBELLEES (Afrikaans en/of Engels):

- Berei **DRIE** leesstukke (dit kan in boek formaat of Tablet formaat wees) van sowat 1 minuut tot 1.5 minute voor. Die beoordelaar sal die dag van die kompetisie bepaal watter een van die drie gelees moet word. Die drie leesstukke kan uit dieselfde boek, of verskillende boeke wees. Bring dus al drie stukke / boeke saam. Wees wel voorbereid dat die beoordelaar jou kan stop as hy of sy genoeg gehoor het.
- Maak seker die leesstuk is op JOU standaard. 'n Goeie boek om te gebruik is die leesboek wat julle by die skool uit lees. Of selfs 'n boek wat jou onderwyser voorstel. TE maklike OF TE moeilike boeke kan jou van 'n goeie punt weerhou.
- Met voorbereide bybellees is dit ook belangrik dat jy **DRIE** stukke op jou eie vlak kies. Laerskool deelnemers kan byvoorbeeld 'n lekker verhaal uit die bybel kies wat almal ken. Die leesstuk (Bybel, Bybel Storieboek of Tablet) moet ook sowat 1 minuut tot 1.5 minute lank wees. Berei om en by 6 verse (per stuk) voor. Jy kan voor die tyd gestop word as die beoordelaar genoeg gehoor het.
- Onthou by gewone lees EN Bybellees moet die deelnemer die boek se naam en skrywer, en die boek en verse by Bybellees aankondig, voor jy begin lees.
- Punte word gegee deur na die volgende op te let: Uitspraak, stemwisseling, hantering van boek (of jy die boek op 'n gemaklike manier vashou), oogkontak met gehoor terwyl jy lees, gesigspel (dit sal verskil tussen 'n komiese of ernstige stuk) en hoe gemaklik jy lees. Dus moet deelnemers uit die boek(e) uit lees en nie van afskrifte nie. Dit geld ook vir lees van tablette af.
- **NB:** MOENIE die leesstukke uit jou kop uit leer nie. Maak net seker jy het voorberei en kan die woorde reg uitspreek en met gevoel lees.

Riglyne vir ONVOORBEREIDE LEES OF BYBELLEES (Afrikaans en/of Engels):

- ‘n Boek sal vir jou gegee word asook die bladsy wat jy moet lees. Sodra die beoordelaar genoeg gehoor het sal hy of sy jou vra om op te hou lees. Jy mag wel jou sin klaarmaak sodat jy op ‘n hoë noot afsluit. En onthou die leesstof sal op jou vlak wees.
- Al begin jy nie met die eerste bladsy van die boek nie, is dit altyd goed om die boek en skrywer se naam aan te kondig voor jy begin lees. Met die Bybellees sal die beoordelaar aankondig uit watter boek en verse jy moet lees, dus moet jy dit ook aankondig.
- Punte word gegee deur na die volgende op te let: Uitspraak, stemwisseling, hantering van boek (hou jy die boek gemaklik vas), oogkontak met gehoor (al het jy gladnie voorberei nie moet jy steeds oogkontak met jou gehoor en beoordelaar maak), gesigspel (dit sal verskil tussen ‘n komiese of ernstige stuk) en hoe gemaklik jy die onvoorbereide leesstuk lees.

ADDISIONELE RIGLYNE VIR AANLYN DEELNAME

LEESAFDELING: VOORBEREIDE LEES

1. Leerders moet steeds **DRIE** leesstukke voorberei. (Geen afskrifte hoef vooraf ge-e-pos te word nie)
2. Merk ELKE leesstuk duidelik. (Leesstuk 1, Leesstuk 2 en Leesstuk 3). Die beoordelaar gaan instruksie gee watter stuk (1, 2 of 3) sy/ hy wil hoor.
3. Aanbieding word beoordeel. Maak dus seker jy staan so dat die beoordelaar jou hele bolyf kan sien.
4. Ons weet dit kan ongemaklik wees vir leerders om die platform te gebruik en dit sal in aanmerking kom as beoordeling plaasvind.

LEESAFDELING: ONVOORBEREIDE LEES

1. Hou **2 tot 3** leesboeke byderhand waaruit jy kan lees. Die beoordelaar sal ‘n boek en bladsy nommer kies. As die beoordelaar genoeg gehoor het sal sy / hy jou vra om op te hou lees.
2. Omdat ons nie boeke vir julle aanlyn kan bied nie, vra ons dat ouers en leerders boeke kies wat op die kind se vlak is.
3. Aanbieding word beoordeel. Maak dus seker jy staan so dat die beoordelaar jou hele bolyf kan sien.
4. Ons weet dit kan ongemaklik wees vir leerders om die platform te gebruik en dit sal in aanmerking kom as beoordeling plaasvind. Ons hits julle aan om solank met die hulp van aanlyndienste te oefen sodat die leerders gemaklik kan raak voor die kamera.

Ons verstaan die is ‘n hele nuwe platform wat ons gebruik. Maar weens omstandighede moet ons dit doen. Ons missie is om die leerders steeds ‘n geleentheid te gee om hulle talente uit te leef. Ons is bevoorreg om nog steeds Kultuur op aanlyndienste te bevorder. Onthou, maak gebruik van oorspronklike boeke. Die E-boek formaat mag ook gebruik word.

Reading

1. Participants can enter for prepared, unprepared, or both types of reading.
2. Paticipants must provide a copy of their prepared reading to the adjudicator. Remember the choice of script must suit the age of the participant and will be assessed accordingly.
3. No pieces used in previous competitions may be re-used.
4. Time duration: Primary School: 30 – 60 seconds
   High Schools: 60 – 90 seconds
5. Participants may participate either online or at the live venues.
6. These guidlines are applicable to both online, as well as venue performances.

Guidelines to follow for PREPARED READING and SCRIPTURAL READING (English and/or Afrikaans)

- Prepare **THREE** pieces (it can be in book format or tablet) of 1 – 1,5 minutes. The adjudicator will choose which piece must be read on the day of the competition. The three pieces may be in the same book or different books. Make sure to bring all chosen material. Please be aware that the adjudicator can stop the participant when they have heard enough.
- Make sure the piece that you are reading is on your level. (A good book to use is your reading book at school or one that your teacher proposes.) It may count against you if the book is too easy or difficult.
- When participating in Scriptural reading, it is also important that you prepare **THREE** pieces on your own level. Primary school learners may read a Bible story. High school learners may read more or less 6 verses from a Bible book. Reading pieces must be between 1 and 1.5 minutes long (You may use a Tablet or Book). The Adjudicator may ask you to stop at any time when he/she has heard enough.
- Remember: Before reading your piece, you must announce the name and writer of the book. When doing Scriptural reading, you must announce the name of the Bible book, script, and verse numbers.
- Marks will be given for the following: Pronunciation, use of voice, handling of reading material, eye contact with audience while reading, facial expressions, and how comfortable you are. (Also for reading from tablets.)
- **Important:** Do not study the piece by heart. Be well prepared (for example) for the pronunciation of certain words.

Guidelines for UNPREPARED READING OR SCRIPTURAL READING (English and/or Afrikaans)

- A book will be supplied, as well as the page number to be read. As soon as the adjudicator has assessed the reading, he/she will ask the learner to stop. You are allowed to finish the sentence to end appropriately.
- Although you might not start at the beginning of the book or paragraph, it is always recommended to announce the author and book name before reading. In the case of Bible reading, the adjudicator will announce the book and verse to be read – there after the reader must announce the information as well.
- Marks are awarded for the following: Pronunciation, tone of voice, handling of the book, eye contact, facial expressions, and how comfortable the reader seems whilst reading.

ADDISIONAL GUIDELINES FOR ONLINE PARTICIPATION

CATEGORY READING: REPARED READING

1. *Learners must still prepare **THREE** pieces to read. (You do not have to mail any photocopies to Con Spirito)*
2. *Clearly mark EACH piece. (Piece 1, Piece 2 and Piece 3). The adjudicator will specify which piece he/she wants to hear.*
3. *Presentation is judged, therefore ensure that your complete upper body is visible to the adjudicator.*
4. *We are aware that learners may be uncomfortable using this platform. This will be taken into account during the adjudication.*

CATEGORY READING: UNREPARED READING

1. *Have **2 or 3** books ready from which you can read. The adjudicator will select a book and page number. When he/she has heard enough, you will be asked to stop reading.*
2. *Unfortunately, we cannot provide books. Parents and learners are therefore requested to select books on the level of the learner.*
3. *Presentation is judged. Therefore ensure that your complete upper body is visible to the adjudicator.*
4. *We are aware that learners may be uncomfortable using this platform. This will be taken into account during the adjudication. We urge learners to practice with the help of online services in the meantime to get confident with performing in front of a camera.*

We realise this is a totally new platform that we have to use due to circumstances. Our mission is to nonetheless provide learners with the opportunity to display their talents. We are privileged to still promote Culture albeit using online services. Remember to use actual books. E-books may also be used.

Lizelle van Staden
Admin1@conspirito.co.za